Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

27 Januarie 2013

OGGENDDIENS: ds Piet

Ons gaan voort met ons kort reeksie oor die Koninkryk van God.
Skriflesing: Matteus 13: 44 - 46
Matteus 19: 16 - 26
Teks: Matteus 19: 21 - 23
Tema: Waar trek jy die grens van die koninkryk van God in jou lewe?

Die wêreld waarin ons leef en waarin die Koninkryk van God uitgebrei moet word, het geweldig baie verander. Toe ons, wat nou volwassenes is, klein was, was dinge maklik. Almal het saamgestem: die kerk, die skool, die staat, my bure en my vriende! Dit was toe maklik om 'n burger van die koninkryk te wees. Nou nie meer nie...

Die leefwêreld van die kerk en gelowiges het verwyderd geraak van die leefwêreld van die skool, die staat, my werk, soms ook my vriende en dalk beslis my buurman. Nou stem almal nie meer saam nie, dinge word nie meer in die wêreld gedoen soos die Here in sy Woord sê nie en ek moet nou bewustelik keuses uitoefen.
Hoe leef ek nou in hierdie nuwe wêreld as koninkryksburger?

Vooraf sang
Ps 148 - 2: 1,4 (almal), 7 (brs), 8 (srs), 9 (almal); Ps 149 - 1: 1,2; Sb 3 - 2: 1;
Ps 150 - 1: 1,2;

Ontmoetingsdiens
Intreelied Lied 151:1,2 ;Votum; Seëngroet; Loflied Nuwe Ps 110: 1,2,3 (mel ps 128); Geloofsbelydenis

Verootmoedigingsdiens
Wet: fokus op die tweede gebod en HK Sondag35; Sing Sb 3 - 2: 1,5; Gebed.

Woorddiens
Skriflesing; Sing Lied 530: 1,2,3; Woordbediening

Antwoorddiens
Gebed; Liefdegawes; Gebed vir BnB (Kinderevangelisasie); Sing Nuwe Sb "Wat eers vir my 'n bate was: 1,2,3,4; Seën; Amen Sb - 13 - 2.

GESAMENTLIKE AANDDIENS BY DIE BULT: ds Karel

Skriflesing: Jakobus 1:2-8
Teks: Jakobus 1:5
Tema: Kies Jesus as Koning in `n deurmekaar wêreld

Die gesamentlike dienste gaan voorts baie fokus op ons hoërskool jongmense en die studente en daarom gaan die erediens ook so effens anders daarvan uitsien. Ons gaan nie snaakse dinge doen nie, maar ons gaan in die Woordverkondiging pertinent daarop fokus om die jongmense te bereik en te betrek. Die jaartema is "Kies Jesus as Koning..." en elke keer

gaan ons `n ander scenario aanspreek waarin ons Jesus kan kies as Koning. Hoe wonderlik is dit dat ons in elke situasie Jesus as Koning kan kies, omdat Hy my reeds gekies het voor die wêreld geskep was! Hy het my toe reeds gekies en daarom kan ek antwoord deur Hom as my Koning te sien!

Vooraf sang: Lied 159: 1, 2, 3; Lied 175:1; Lied 205: 1, 2, 3

Ontmoetingsdiens
Ons bely in Wie se Naam ons bymekaar is; Ons ontvang die Here se seën; Ons loof Hom met Ps. 150-2: 1, 2.

Verootmoedigingsdiens
Ons hoor hoe Hy Hom as Koning bekend maak: Psalm 47; Ons loof Hom as Koning: Ps. 47-2: 1, 2; Ons bid saam.

Woorddiens
Ons luister na Jakobus 1:2-8; Ons fokus op Jakobus 1:5.

Antwoorddiens
Ons bid saam; Ons wys dat ons dankbaar is deur iets te gee; Ons loof die Here: Lied 292: 1, 2; en ontvang Sy seën. Kom ons maak dit ons eie met Sb. 13-1.

MEELEWING

- Johan Coetsee se operasie is weereens uitgestel na volgende week. (wyk 28 - 072 192 0446)
- Joey Lubbe (wyk 25 - 083 232 9376) het Dinsdag ‘n knievervangings operasie ondergaan. Dit gaan goed met haar.
- Kitty Kruger (wyk 33 - 082 732 9708) is in Sunninghill Hospitaal, Johannesburg.
- Pauli de Bruyn (wyk 4 - 082 449 6075) het Donderdag ‘n operasie ondergaan.
- Josephine de Lange (wyk 15 - 082 786 4380) gaan deur `n beproewende tyd.
- Rina van Deventer (wyk 25 - 083 258 4802) ondergaan volgende week ‘n voetoperasie in Pretoria.
- Tannie Tokkie Theunissen (wyk 15 - 082 411 1076) het in Clanwilliam by haar dogter geval en haar skouer gekraak. Sy sal nog 6 weke daar moet bly.

Ons bid dat die Here spoedig beterskap en herstel sal gee.

BAIE WELKOM

Ons verwelkom graag vir Frans en Marinda du Toit met Robert, Reinier en Anja in wyk 34, Mooivallei Hoewe 30. Ons wag nog vir hulle attestaat vanaf Potch gemeente.

BAIE GELUK

- Baie geluk aan Carmen Lubbe wat as leier vir haar skool gekies is.
- Marius Zwemstra en Marie Verryn het in die afgelope week verloof geraak!
- Willie en Zoli de Kock, het verlede Sondag in Oos Londen, die Half-Ystermankompetisie suksesvol voltooi. Zoli gaan in April aan die Vol-Ysterman kompetisie deelneem in Port Elizabeth. Baie geluk aan albei en sterkte aan Zoli met haar voorbereiding.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke deur die hospitaalbesoeke-diensgroep, skakel vir:

Anna Smith	082 765 9813
Hantie Grobler	082 675 3893 / 018 290 6013

Marian de Kock	082 950 4358
Marique Reichel	082 657 4508
Annatjie Grobler	073 258 7833/ 018 290 9974

of e-pos siekes@oosdoppers.co.za

Ons bedank vir Joey Lubbe wat 'n geruime tyd hierdie diensgroep georganiseer het. Anna Smith neem nou hier leiding.

AFKONDIGINGS

Die volgende aktiwiteite vind DV hierdie week plaas:

Vandag
09:30 Gebedsgroep in Elim
10:00 Oggenddiens
Kleuterbediening
Tee en koffie in die Skuur
Katkisasie
17:30 Gesamentlike Jeugaand by die Bult
18:00 Gesamentlike Aanddiens by die Bult

Maandag
16:30 Katkisasie (Gr. 8)
17:15 Katkisasie (Gr. 9)
18:00 Gholfdagkomitee vergader
19:00 Gebed- en Ondersteuning
19:00 Toerusting vir nuwe kerkraadslede

Dinsdag
06:00 Manne Ondersteuningsgroep
18:00 Wyksusters vergader
18:30 Ouderlinge gebedsgroep

Woensdag
09:30 Bybelstudie
16:30 Katkisasie (Gr. 10)
17:15 Katkisasie (Gr. 11)
17:45 Teologiese studente Bybelstudie
19:00 Bybelstudie
19:00 Beginpunt

Donderdag
09:30 Caritas vergader in Skuur
18:30 Wyksbyeenkoms: Wyk 6 & 7

Vrydag
19:00 - 21:00 Gemeentebediening werkswinkel

Saterdag
8:00 - 12:30 Gemeentebediening werkswinkel

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV diè week verjaar!

Sondag, 27 Januarie

Sr Tanja de Vos	083 293 2928
Jbr Roelf de Bruyn	082 449 6075
Sr Adrie de Kock **(81)**	082 921 5862
Sr Mia v Jaarsveld	081 212 4411

Maandag, 28 Januarie

Br Louis Botha	082 395 3744
Sr Martsie Robbertse	082 374 6065

Dinsdag, 29 Januarie

Br Gideon Coetzee	082 927 0936
Br Frikkie Smith	079 879 2052

Woensdag, 30 Januarie

Jsr Ihantè Rheeder	082 386 9398
Br Hennie Pretorius	083 472 8209
Sr Estia du Plooy	072 182 8866
Sr Ina Potgieter	083 987 0648

Donderdag, 31 Januarie

Sr Anien v Niekerk	083 385 2570

Vrydag, 1 Februarie

Sr Gep Floor **(82)**	018 297 4360
Sr Martha Liebenberg	079 495 7220
Br Eric Aspeling	082 327 7886
Jsr Sune v Niekerk	083 385 2570
Sr Maria Pretorius	084 293 6029

Saterdag, 2 Februarie

Jbr Andrè du Plessis	082 063 8335

ANDER AFKONDIGINGS

- Liefdegawe vanoggend vir Barmhartigheid.
- Gawe by die deure vanoggend vir

GKSA: Sustentasie en vanaand vir Jeugbediening.
- Gawe volgende Sondag vir Topia.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies by deure gesit word.
- Diensbeurte: Wyk 7 en 8.

BEGINPUNT

Beginpunt begin weer hierdie Woensdag! As jy lus is om saam met ander jongmense te groei in jou geloof en jy wil graag die warmte van ander gelowiges beleef, is hierdie die plek en geleentheid vir jou! Sien julle Woensdagaand om 19:00 in Elim!

OOSDOPPER-KAMP 2013

Liewe gemeente, ons nooi u hartlik uit na ons jaarlikse kamp, 15 – 17 Maart 2013! Dit is ‘n onvergeetlike ervaring!
Besprekingslyste in die voorportaal van die Skuur of skakel die kerkkantoor!

GEMEENTEBEDIENING WERKSWINKEL 1,2 FEB

Ons gemeente het die wonderlike voorreg om in `n nuwe fase van bediening in te gaan - meerdere bediening. Nie alleen het ons hierdie voorreg nie, maar ons wil ook erns maak met die roeping en opdrag wat die Here vir ons gegee het om werklik kerk te wees en om Sy koninkryk duidelik te maak en uit te dra na die mense rondom ons. Juis om hierdie rede is dit nodig dat ons as gemeente koppe bymekaar sit en saam bid en dink en beplan. Ons wil en moet saam soek en bid vir God se doel vir ons gemeente. Om hierdie rede gaan ons op 1 en 2 Februarie `n Gemeentebediening Werkswinkel hou. Ons gaan saam Bybelstudie doen, saam bid en saam beplan. Boek asseblief hierdie datums uit! Ons wil elkeen se insette hê in ons soeke na God se wil vir ons gemeente.

Tye:
Vrydagaand: 19:00 - 21:00
Saterdag: 8:00 - 12:30

Lidmate kan intussen na die volgende **Skrifgedeeltes** kyk wat ons tydens die werkswinkel gaan bestudeer:
Efesiërs 1: 9 - 23 met die klem op ‘n gemeente wat Woordgedrewe en Christus gesentreerd moet wees.
Efesiërs 2: 1 - 10 oor persoonlike geloofsvorming
Efesiërs 3: 14 - 21 en 6: 18 - 20 oor gebed
Efesiers 4: 1 - 17 met die klem op onderlinge verbondenheid
Handelinge 19: 8 - 10 en Hand 20: 17 - 37 met die klem op geestelike leierskaps-ontwikkeling.
Ons sal dit baie waardeer as lidmate moeite sal doen om saam te kom besin - al is dit net vir ‘n kort tydjie Vrydag-aand of Saterdagoggend.

JEUGAKSIE

Wildebeestrun
Die tweede Wildebeestrun vind plaas op Saterdag 16 Februarie by Manzini Wildsplaas. Hardlopers bo 16 jaar kan op die Internet inskryf by www.wildebeestrun.co.za. Kontak Marna Naudé by 083 237 8810 vir meer inligting.

Jeugaksie
Die eerste Oosdopper jeugaksie vind vanjaar saam met die Wildebeestrun plaas by Manzini Wildsplaas. Die geleentheid gaan benut word om ’n kenmekaar saam met ouers, kategete en kinders te hou. Ouers en katkisante word aangemoedig om die geleentheid by te woon. Diegene wat dit nie kan bywoon nie, moet asseblief by hulle kategete verskoning maak.

Gr. R tot Gr. 11 gaan vir 5 km fietsry – of stap indien jy dit verkies. Ouers en kategete kan saamry of -stap of onder die

bome saamkuier. Agterna sal etes en koeldrank te koop aangebied word.

Inskrywings geskied vanaf 7:30 by Manzini sodat ons 8:00 kan begin fietsry. Teen 11:00 behoort alles afgeloop te wees. Die koste is R10 per fietsryer, stapper of kuiergas. Onthou jou sonbrandroom, hoed, tekkies, waterbottel en swemklere. Daar is ’n swembad waarin heerlik afgekoel kan word.
Vir rygeleenthede kontak Johannes van As of Marie Oosthuizen. Ons hoop om almal daar te sien!
Jeugkommissie

FONDSE VIR BOTSWANA UITREIK

Liewe gemeente! Soos u reeds bewus is, kry elke katkisasie klas deur die jaar ‘n Sondag waarop die mammas vir ons ‘n bordjie eetgoed bring. Die eetgoed kan dan deur lidmate geneem word en ‘n donasie daarvoor gee. Hierdie fondse word gebruik om te help dat ons Belydenisklas in Oktober kan uitreik na Botswana.
Ons waardeer u ondersteuning vir die projek baie!
Ons herinner u dan om volgende Sondag ‘n ekstra geldjie saam te bring omdat die Gr 0 en die Gr 1 klas volgende week afskop met eetgoed.

WYKSBYEENKOMSTE

Eerskomende Donderdag het wyke 6 en 7 `n gesamentlike wyksbyeenkoms in die Skuur om 18:30. Ons gaan saam kuier, na die Woord van die Here luister, saam bid en mekaar beter leer ken. Maak asseblief moeite om hierdie lekker geleentheid by te woon.
Wyke 8 en 9 sou op 14 Februarie `n gesamentlike wyksbyeenkoms gehou het. Let asseblief daarop dat hierdie byeenkoms `n week vervroeg na **7 Februarie**, om 18:30 in die Skuur. Ons hoop om elkeen van julle daar te sien!

KENNISGEWINGBORD

- TOER: Ds Blok Franck neem ‘n toer na Israel en Jordanië DV 1 – 14 April 2013.
  Belangstellendes kan hom kontak by:084 580 2279 / 036 631 3861.
- Septembervakansie na Klein-Asië.
- Lina Bezuidenhout benodig hulp.

DIAKONIE - KOSKAS

Liewe gemeente! Ons diakonie se koskas word gebruik om ‘n paar gesinne maandeliks te voorsien van kos. Alhoewel die bydraes verlede jaar baie goed was, is die koskas weer baie leeg. Ons moedig u aan om asb op ‘n gereelde basis vir ons koskas bydraes in die vorm van blikkies kos, mieliemeel, pasta, rys ens. te maak. Ons waardeer u bydraes baie!

FIETS WORD BENODIG

Ds J Nkili van die Geref. Kerk Ikageng loop tans orals waar hy moet wees. Indien iemand kan help met ‘n fiets sal hy dit baie waardeer.
Kontak gerus vir Koot vd Walt (079 395 2789).

GEBEDE VIR BEDIENING NA BUITE UIT “DIE SAAIER”

Mauritius: Dank die Here vir 200 jaar van Bybelwerk. Bid dat die projekte om hierdie geleentheid te herdenk, suksesvol sal wees en dat meer mense daardeur van die Bybel bewus sal word. Bid vir ons pogings om die jeug met die Woord te bereik. Bid ook vir Bybelwerk op Rèunion en Rodrigues.
Seychelle: Die vertaling van die Bybel in ons moedertaal, Kreools Seselwa, is ons belangrikste projek. Dank die Here vir vordering en bid vir die vertalers wat hieraan werk. Dank Hom ook vir die ondersteuning wat ons van die kerke en ons donateurs ontvang.

SUSTERS

TEESKINKGELEENTHEID

Tee word vandag in die skuur bedien deur wyke 13, 15 en 20 . Dankie vir die susters wat met die bediening en opruiming help.
Daar is vandag weer poeding beskikbaar teen ‘n donasie. Die geld wat hiermee geïn word, word vir die Koningskinders aangewend.

KWARTAAL PROGRAM

Eerste Kwartaal				
DATUM	**DAG**	**TYD**	**WIE**	**WAT**
23-Jan	Woensdag	18:00	Bestuur	Sustersbestuurvergadering
27-Jan	Sondag	17:30	Blok D	Jeug-aand (Oos)
29-Jan	Dinsdag	18:00	Wyksusters	Wyksustersvergadering
17-Feb	Sondag	16:00	Blok D	Kerkraadsvergadering - verversings
19-Feb	**Dinsdag**	**19:00**	**Blok C**	**Sustersamekoms**
22-Feb	Vrydag	10:00	Almal	Pa-en seun Golfdag
3 Mrt	Sondag	19:00	Blok A	Ouderlingevergadering - verversings
09 Mrt	Saterdag	09:00	Naamlys	Sustersaamtrek
10 Mrt	Sondag	12:00	Blok B	Nagmaal & ete
15 Mrt	Vrydag	18:00	Naamlys	Gemeentekamp

SUSTERSAAMTREK

Liewe susters! Bult-gemeente nooi ons uit na die jaarlikse Sustersaamtrek op 9 Maart om 9:00 te Molenstraat. Aangesien dit hier in Potchefstroom is wil ons julle almal aanmoedig om dit te probeer bywoon. Dit gaan ‘n heerlike kuiergeleentheid wees saam met medegelowiges. Dit word aangebied by Bult gemeente se kerk in Molenstraat.
Kostes beloop R90 p/persoon en Santie Britz is die spreker.
Baie belangrik is dat die besprekings op 18 Februarie sluit.
Skryf asb u naam op by die kennisgewing in die Skuur en betaal by Adele Delport of Susan Lourens.

MELKFONDS

Ons herinner u aan ons melkfonds – ons wend die geld aan om elke Sondag die bederf van melkkoffie te kan geniet! Ons waardeer u bydraes hiervoor baie!

WARMHARTIGE BLIKKIES

Die doel van die koeldrank blikkies op die kas in die voorportaal van die kerk is dat almal hulle lastige kleingeld in een van die blikkies sal gooi en die vol blikkie vir ons in die voorportaal van die kerk op die kas sal neersit. Die geld word gebruik om blomme of iets toepasliks aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.
Ons wil vra dat u gerus ‘n blikkie neem en vir ons vol terug bring.

BEROEPENUUS

BEROEPE ONTVANG

- Proponent N Murambadoro na Ontdekkers met opdrag kerkplanting Reformed Church Roodepoort.
- Proponent MPA Venter na Vryburg.

BEROEPE AANVAAR

- Dr JH Howell van Heidelberg na Die Kandelaar.
- Ds TJ Moletsane van Boichoko na Sanveld.
- Proponent N Murambadoro na Ontdekkers met opdrag kerkplanting Reformed Church Roodepoort.

Proponent MPA Venter na Vryburg

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

Our passion for pets is reflected in the superior quality of Montego Classic Products . Developed by expert animal nutritionists – manufactured with our world-class standards of production.
We offer a range of packaging sizes to suit your needs.
- **Montego Classic Puppy, Montego Classic Adult and Montego Classic Senior are available in 2kg, 5kg, 10kg, 20kg.**
- **(Montego Classic Adult only) and 25kg packaging.**
- **Montego Classic Cat is available in 1kg, 3kg and 5kg packaging,**
- **Montego Treats in 1kg packaging.**

PRICE LIST:
25kg Adult – R280
10kg Adult – R130
25kg Puppy – R310
10kg Puppy – R 140
25kg Senior – R310
10kg Senior – R 140
VIR ENIGE NAVRAE / AANKOPE
KONTAK GERUS:
VICKUS V JAARSVELD – 074 932 1238